**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèlnommer : A132/2005

In die appèl tussen:-

**AGREY WALTER TSWAI** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* BECKLEY R *et* CILLIé R

---

**AANGEHOOR OP:** 5 MAART 2007

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 8 MAART 2007

---

Appellant het in die Rondgaande Hof te Kroonstad voor Hattingh R tereggestaan op twee aanklagte, te wete Moord en Roof met verswarende omstandighede. In aanklag 1 is beweer dat hy vir Wilson Johan Claassen, 'n volwasse man, op of omtrent 13 – 14 September 2003, en te of naby die N1 tolpad in die distrik van Koppies, wederregtelik en opsetlik gedood het. Aanklag 2 beweer

dat appellant op dieselfde datum en plek die genoemde Claassen (hierna “die oorledene” genoem) van ’n MAN voorhaker ter waarde van R1,1 miljoen en twee sleepwaens ter waarde van R200 000,00 elk beroof het, asook ’n groot besending koekies (biscuits) ter waarde van ongeveer R332 000,00 wat op die sleepwaens vervoer is. Die beweerde verswarende omstandighede is daarin geleë dat appellant of ’n medepligtige by die geleentheid waarby die misdryf gepleeg is, hetsy voor, gedurende of na die pleging daarvan, ’n vuurwapen hanteer het en/of die oorledene ernstige liggaamlike beserings toegedien het. Appellant se verweer was ’n algehele ontkenning dat hy by die misdrywe betrokke was. Appellant is skuldig bevind soos aangekla en soos volg gevonnis:

<u>Aanklag 1:</u> Lewenslange gevangenisstraf.
<u>Aanklag 2:</u> Agtien jaar gevangenisstraf.

Die geleerde Verhoorregter het aan appellant verlof verleen om teen die skuldigbevindings sowel as die vonnisse te appelleer.

Appellant se kennisgewing van appèl is laat geliasseer weens geen skuld aan sy kant nie. Voor ons dien ook ’n aansoek om kondonasie van sy versuim om daardie kennisgewing betyds te liasseer. Dit is by die aanvang van die verrigtinge toegestaan sonder beswaar deur die Staat.

By die verhoor was dit nie in geskil nie dat die oorledene in diens was van R P Carriers as vragmotorbestuurder en dat hy op Saterdag 13 September 2003 met die betrokke voorhaker en sleepwaens vanaf Isando aan die Rand met 'n vrag koekies vertrek het oppad na Kaapstad; dat hy suidwaarts met die N1 tolpad sou ry; dat hy nie sy bestemming bereik het nie; dat sy liggaam ongeveer 11 vm. die volgende dag, nl. Sondag 14 September 2003, tussen Kroonstad en die Vaal Plaza langs die N1 tolpad gevind is in die distrik van Koppies; dat Mnr. Nel van die Danie Day Privaat Ondersoekdiens die voorhaker ongeveer 4 nm. op dieselfde dag by die N3 Engen vragmotorstaanplek op die R554 pad tussen Alberton en Brakpan gevind het en die volgende dag die twee sleepwaens by 'n besigheidsperseel in Johannesburg. Die sleepwaens was onbeskadig maar leeg. Die voorhaker was ook onbeskadig. Nel getuig dat Sersant Mahlatsi op Maandag 15 September by die Engen vragmotorstaanplek aan hom 'n sleutel oorhandig het wat gepas het op die deure van die voorhaker se kajuit en wat ook die enjin van die voorhaker aangeskakel het.

Die sekuriteitswag by die vragmotorstaanplek, Fanwell Mlotswa, getuig dat appellant kort voor 7 vm. op 14 September 2003 by die genoemde vragmotorstaanplek met die betrokke voorhaker opgedaag het en gereël het om die voorhaker daar te parkeer. Appellant het die voorhaker bestuur en dit nie gaan parkeer op die plek wat Fanwell aangewys het nie, maar effens verder weg

> "asof hy dit wegsteek."

Op Fanwell se versoek dat appellant sy bestuurderslisensie of identiteitsdokument moet toon, het appellant gesê dat hy dit nie by hom het nie en ook onderneem om die parkeerfooi te betaal wanneer hy die voorhaker kom haal. Hy het sy naam as Patrick Dlamini aan Fanwell verstrek. Laasgenoemde het die besonderhede van die voorhaker in 'n register aangeteken.

Fanwell se kollega, Petrus Letshela, vir wie Fanwell afgelos het, staaf laasgenoemde se getuienis 100% oor die identiteit van die bestuurder van die voorhaker toe dit by die vragmotorstaanplek aangebring is. Petrus is toe van diens en het vir Fanwell agtergelaat om verder met appellant te reël in verband met die

parkering. Petrus was weer die volgende dag, 15 September 2003, aan diens. Toe hy aan diens kom, was daar, volgens hom, speurders in sy kantoor wat juis die betrokke voorhaker onder observasie gehou het. Teen ongeveer 7 vm. het appellant alleen daar opgedaag om vir die parkering van die voorhaker te betaal. Nadat hy betaal het, het hy na die voorhaker gestap. Petrus is saam met die speurders agterna en tref appellant in die bestuurderskajuit agter die stuurwiel aan. By hom was 'n passasier wat by die passasierskant uitgespring en weggehardloop het. Appellant is daar-en-dan deur Sersant Mahlatsi gearresteer. Petrus het gesien dat die polisie 'n selfoon in appellant se besit gevind het.

Sersant Mahlatsi is die ondersoekbeampte in die saak. Hy getuig dat hy en sy kollega, Inspekteur Sekano, op 14 September vir Mnr. Nel by die vragmotorstaanplek ontmoet het waar hy die voorhaker aan hulle uitgewys het. Die voorhaker was gesluit. Die twee polisiebeamptes het dwarsdeur die nag daar observasie gehou vanuit die kantoor van die sekuriteitsbeamptes en kort na 6 vm. die volgende môre het daar 'n Isuzu bakkie opgedaag waarin twee persone was. Appellant was een van hulle. Die mans het

uitgeklim. Een stap verby in die rigting van die voorhaker en appellant kom na die kantoor om te betaal vir die parkering. Vandaar stap hy na die voorhaker, sluit dit oop en klim in. Toe die polisiebeamptes die voorhaker nader, het beide appellant en sy metgesel uitgespring en weggehardloop. Die metgesel het daarin geslaag om weg te kom, maar appellant het oor ysters wat in die omgewing gelê het, gestruikel en geval en is daar in hegtenis geneem. In een van appellant se sakke is twee bosse sleutels gevind. Van die sleutels in een van die bosse het op die voorhaker gepas. Appellant was ook in besit van 'n Nokia 6110 selfoon met IMEI (of serie-) nommer 45700437453 en foonnommer 0726166738 (bewysstuk "1"). In die Isuzu bakkie was 'n leerbaadjie gevind. In die sak van die leerbaadjie was nog 'n selfoon gevind wat die polisie vasgestel het aan ene Mxolisi Tshabalala behoort (bewysstuk "5"). Onder appellant se sweetpakbostuk is twee nommerplate gevind wat nie klop met die korrekte nommerplate van óf die voorhaker óf enige van die betrokke sleepwaens nie. Appellant is toe gearresteer en die polisiefotograaf en vingerafdrukdeskundige is na die toneel ontbied. Dit is gemenesaak dat appellant se vingerafdrukke nie aan die voorhaker gevind is nie.

Inspekteur Sekano staaf Sersant Mahlatsi in alle wesenlike opsigte.

Mev. Heyneke is in diens van Vodacom, 'n verskaffer van selfone, as 'n sogenaamde "fraud specialist". Sy het op versoek van die Polisie data getrek in verband met die selfoon wat in appellant se besit gevind is asook die selfoon wat in die bakkie gevind is (bewysstukke "1" en "5"). Daardie inligting is vervat in 'n rekenaaruitdruk wat as bewysstuk "A" ingedien is. Daaruit het die Staat, onder andere, die volgende inligting deur middel van die getuie onderstreep:

(i) Op 13.9.2003 om 9h15 was appellant se selfoon in die omgewing van Katlehong toe 'n oproep ontvang is vanaf selfoonnommer 0824692406.

(ii) Op 13.9.2003 om 17h05 en 17h07 is daar vanaf appellant se selfoon twee oproepe gemaak toe daardie selfoon in die omgewing van die Roodekop-torings in Germiston omgewing was en om 17h12 het appellant se selfoon 'n oproep ontvang toe dit in dieselfde omgewing was.

iii) Op 13.9.2003 om 20h25, 20h31 en 20h37 is appellant se selfoon gebruik in die omgewing van die Kroonvaal-torings in die Parys-Koppies omgewing, d.w.s die roete wat oorledene sou gery het en waar sy liggaam gevind is. Twee van hierdie oproepe was uitgaande en een was

inkomend.

iv) Op 13.9.2003 om 23h59 is daar na appellant se selfoon 'n oproep wat 49 sekondes geduur het, gemaak vanaf selfoonnommer 0824488133. Op daardie stadium was appellant se selfoon in die Black Reef Road-toring se area, d.w.s. naby Alrode Scrap Metal in Gauteng-Suid.

v) Op 14.9.2003 om 00h12 en weer om 02h03 is daar twee oproepe na appellant se selfoon gemaak vanaf nommers 0824488133 en 0832398165 wat onderskeidelik 28 en 67 sekondes elk geduur het. Appellant se selfoon was toe by Roodekop en Black Reef Road onderskeidelik.

Opsommenderwys kan die volgende gesê word van bewysstuk "A":

> Vanaf 19h15 op 13.9.2003 tot 21h07 op 14.9.2003 is appellant se selfoon op verskillende plekke gebruik om 53 oproepe te maak en 33 te ontvang, d.w.s. 'n totaal van 86. Sewe van die bogenoemde 53 oproepe is na sy vriend Siselo se selfoon gemaak.

Mev. Heyneke vat haar getuienis soos volg saam:

> "So it seems, just to summarise, that the calls made and the

calls received from 072 6166 738, again on 13 September at quarter past nine the morning was made in rapid succession? --- It seems like that.

And incoming calls? --- Incoming calls and there are a few numbers that are repeated very frequently that were dialled and starting off early the morning in Katlehong and if you look to the base stations the person was travelling or it appears that the person was travelling from the Katlehong area *via* Vosloorus, Roodepoort, Black Reef Road, through Three Rivers which is in Vereeniging, Kroonvaal at Sasolburg, Roodsgarden, past Vereeniging again, Klopperpark, Witfield is in Benoni, the Ravensklip area and back to the Germiston area, Black Reef Rd 1.

Ja, so it seems. --- That is what it appears to be, M'lord.

Yes, that is what I wanted to know. And that presupposes that that specific cellphone number, the one I have mentioned 072 6166 738, received and made outgoing calls whilst in motion, so it seems? --- That is correct, M'lord."

Sy verduidelik verder dat die inligting in bewysstuk "A" elektronies gegenereer word, dat dit nie gemanipuleer kan word nie en dat dit volkome betroubaar is. Die getuie is gladnie gekruisvra nie.

Oorledene is dood as gevolg van 'n kontakskoot in sy regterslaap wat dwarsdeur die kop is en aan die linkerkant uit is, met gepaardgaande skedelfrakture en beskadiging van die brein. Daar was ook 'n tweede skietwond in sy liggaam wat die borskas van voor af binnegedring het, die aorta gepenetreer het en massiewe bloeding veroorsaak het.

Appellant was die enigste verdedigingsgetuie. Hy het ten ene

male ontken dat hy ooit die voorhaker bestuur het of dit by die vragmotorstaanplek geparkeer het of dit die volgende dag daar kom haal het, soos getuig is deur die staatsgetuies. Volgens hom is hy buite die vragmotorstaanplek gearresteer terwyl hy een van ‘n aantal nuuskierige omstanders was wat wou sien waarmee die Polisie doenig was en wat ‘n geraas by die staanplek veroorsaak het. Hy ontken ook dat hy gedurende die tersaaklike periode in besit van sy selfoon (bewysstuk “1”) was. Volgens hom het hy die selfoon op 13 September 2003 aan ‘n vriend, ene Siselo, oorhandig as pand vir geld wat hy aan Siselo geskuld het. Dit is nie hy wat die oproepe gemaak of ontvang het op 13 en 14 September waaroor Mev. Heyneke getuig het nie. Siselo het die selfoon eers die Maandag kort voor sy (appellant se) arrestasie aan hom teruggehandig.

Die geleerde Verhoorregter het appellant se weergawe as vals verwerp. Ek kan geen fout met daardie bevinding vind nie. Appellant se getuienis rondom sy selfoon was eintlik lagwekkend, want dit het daarop neergekom dat sy vriend, Siselo, op 13 en 14 September verskeie oproepe met appellant se selfoon na sy (Siselo se) eie selfoon gemaak het!

Die verwerping van appellant se getuienis het noodwendig tot gevolg gehad dat hy verbind is met die voorhaker wat die oorledene bestuur het – trouens dat hy binne enkele ure nadat oorledene klaarblyklik gekaap, beroof en vermoor is, in besit van die gekaapte voorhaker was. Hierdie bevinding regverdig die afleiding dat appellant betrokke was by die misdrywe. Sy toevlug tot leuens veroorloof nie spekulasie oor sy spesifieke rol in die misdrywe nie. Sy skuldigbevinding op beide aanklagte is volkome in orde.

Ook wat die vonnisse betref, bestaan daar na my mening hoegenaamd geen grondige rede om in te meng nie. Die misdrywe waaraan appellant skuldig bevind is, is baie, baie ernstig, en veral aanklag 1 verdien die hoogste vonnis wat 'n Hof kan oplê. Die roof was klaarblyklik beplan en die oorledene is letterlik tereggestel om beheer oor die vrag te verkry. Sy liggaam is deur sy gevoellose moordenaar of moordenaars net eenvoudig langs die pad gelos. 'n Menselewe het inderdaad goedkoop geword in ons geweld-geteisterde land en misdrywe soos hierdie verdien die Howe se sterkste sensuur.

Gevolglik word die appèl van die hand gewys en word die skuldigbevinding en vonnis op beide aanklagte bekragtig.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**A.P. BECKLEY, R**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIè, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. I.J. Bezuidenhout<br>In opdrag van:<br>Regshulpraad<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. C.F. Steyn<br>In opdrag van:<br>Direkteur Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp